**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 937/2003

In die saak tussen:

**ANTONIE MARTHINUS VERGOTTINI** Eiser

en

**DIE PADONGELUKKEFONDS** Verweerder

---

**CORAM:** CILLIé R

---

**UITSPRAAK:** CILLIé R

---

**AANGEHOOR OP:** 8 MAART 2005

---

**GELEWER OP:** 10 MAART 2005

---

[1] Die eiser se eis teen die Padongelukkefonds is in Junie 2004 gefinaliseer op die basis dat eiser 80% en die versekerde bestuurder 20% nalatig was in die veroorsaking van eiser se skade. Die kwantum van daardie skade was egter toe by ooreenkoms oorgehou vir latere beregting. Daardie

geskilpunt is toe vir verhoor op 8, 9 en 11 Maart 2005 ter rolle geplaas.

[2] Op 7 Maart 2005 het die verweerder 'n aanbod ter skikking aan eiser gemaak. 'n Bedrag van R14 519,44 plus getakseerde koste op die toepaslike landdroshofskaal, is aangebied. Die kapitale aanbieding was vir eiser aanvaarbaar, maar die skaal van koste nie. Die eiser wil sy koste op Hoërhofskaal hê. By wyse van ooreenkoms is die hof toe versoek om net die toepaslike skaal van koste te bereg.

[3] Mnr. Human, namens die eiser, voer verskeie redes aan waarom koste op Hoërhofskaal toegestaan behoort te word. Hy wys eerstens op die Reël 37-samesprekings wat voor die aanvang van die verhoor op die meriete gehou was en waartydens beide partye dit eens was dat die saak nie vir beregting na 'n ander hof oorgeplaas behoort te word nie. (Vergelyk paragraaf 4 van die Reël 37 notule op bladsy 32 van die geïndekste stukke.) Sy betoog is dat verweerder

hiermee homself tot 'n Hoërhofverhoor verbind het met die verhoogde kosterisiko vir hom daaraan verbonde, maar ook die vooruitsig dat as die eis misluk die verweerder sy koste op Hoërhofskaal toegeken sal word. Mnr. Human sê dat Reël 39(22) nie voorsiening daarvoor maak dat 'n deelsverhoorde saak na die landdroshof oorgeplaas kan word nie. Dus kan eiser nie verwyt word daarvoor dat hy na uitspraak op die meriete nie pogings aangewend het vir oorplasing van die saak na die landdroshof vir beregting van die kwantum nie. Origens voer Mnr. Human aan dat die verweerder ten aansien van die verhoor op die meriete (wat op 'n laat stadium en na aanhoor van heelwat getuienis geskik is) geskik het op die basis dat Hoërhofkoste die toepaslike skaal sal wees. Laastens is aangevoer dat die aanbod ter skikking van die kwantum op 'n baie laat stadium gemaak was, inderdaad 'n dag voor die verhoor. Dit het die verweerder gedoen, wetende dat die verhoor bestem was om in die Hoërhof voortgesit te word, betoog Mnr. Human.

[4] Mnr. Hefer, namens die verweerder, verwys na gesag dat die

kwantum eintlik 'n heel aparte verhoor is en dus gevolglik 'n eie kostebevel kan dra. Die vertraging in die aanbod ter skikking het ook volgens hom niks te make met die skaal waarop koste toegeken behoort te word nie. Dan wys hy in die algemeen daarop dat die eiser se eis soos dit gestel is 'n "erg opgeblase" eis is en dat dit vroeg al vir die eiser duidelik behoort te gewees het dat sy skade binne landdroshof jurisdiksie val.

[5] Na oorweging van die betoë is ek tevrede dat Mnr. Human gelyk gegee moet word. Dit is wel so dat die eiser se eis, soos uiteengesit in die pleitstukke, erg opgeblase voorkom, maar uiteindelik is daar darem geskik op die basis dat hy 20% van 'n ooreengekome R70 000,00 skade sal ontvang. Die landdroshof jurisdiksie vir eise van hierdie aard is tans R100 000,00. Dit sou teveel gevra wees van 'n eiser om vooraf die breukdele van die onderskeie bestuurders se nalatigheid met soveel juistheid te beraam, dat hy altyd binne die onderskeie howe se jurisdiksieperke val. Daarby is dit duidelik dat die verweerder heeltemal tevrede was met 'n

Hoërhof verhoor tot op bykans die finale stadium van die verhoor. Mnr. Human se betoog dat die verweerder die risiko van die voor- en nadele ook vir hom van ‘n Hoërhofverhoor aanvaar het, maak sin. So gesien, sal dit onbillik wees om die verweerder nou toe te laat om homself uit die nadele van die risiko wat hy aanvaar het, uit te wikkel.

[6] Bygevolg word dit beveel dat die verweerder die koste ook van die verhoor op kwantum op Hoërhofskaal moet betaal.

**C.B. CILLIé, R**

Namens die eiser: Adv. C.A. Human
In opdrag van:
Rosendorff Reitz Barry
BLOEMFONTEIN

Namens die verweerder: Adv. J.J.F. Hefer
In opdrag van:
McIntyre & Van der Post
BLOEMFONTEIN

/sp